

11 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 11:6-13; 25:13**

**Fokusgedeelte: Spreuke 11:6, 13; 25:13**

### **Betroubaarheid**

Hoeveel van ons is nie al 'n slag ontnugter deur die valsheid van mense en mensewoorde nie? 'n Verkoopsman bedrieg jou om 'n produk te koop wat nie op standaard is nie. 'n Kollega of 'n vriend belowe om iets vir jou te doen, maar dit gebeur net nooit nie. 'n Leier lewer nie die diens wat hy voor die verkiesing so mooi belof het nie. Keer op keer stel die samelewing 'n mens teleur en dit raak al moeiliker om op mense te vertrou.

Waar kom hierdie onbetroubaarheid vandaan? In Spreuke 11:6 hoor ons dat die mens se hebsug, met ander woorde sy eie gierigheid en selfgerigtheid, sy dade lei. Mense dink net aan hulleself en vertel leuens, vergeet hulle naaste en trap op mekaar om bo uit te kom. Van nature is ons tog daartoe geneig om net onself lief te hê, en God en ons naaste te haat (HK Sondag 2). Dit kom dus ten diepste van 'n gebrek aan 'n verhouding met God.

Tog bly God altyd aan sy beloftes getrou en bring weer trou en waarheid in ons lewens wanneer Hy sy Seun stuur om ons valsheid te kom wegeem. Christus kom leer vir ons met sy woorde en dade hoe om betroubaar te wees, selfs tot in die dood toe. Deur getrou te bly tot in die dood toe, maak Hy dat ons weer getrou aan God en aan mekaar kan leef. Ons dankbaarheidslebens word tog nou deur liefde vir God en ons naaste gekenmerk.

Om die uitwerking van hierdie betroubaarheid wat God in ons lewens bring, aan te toon, gebruik Spreuke 25:13 die beeld van sneeu wat tydens die winter in die skeure in Libanon se berge geberg is. In die warm somermaande sou hulle dan hierdie sneeu na Damaskus bring waar hulle dit in hulle drinkwater kon gooi om dit lekker koel te maak.

So bring die betroubaarheid van Christene ook die vars lafenis van Christus se verlossing in 'n wêreld wat vol is van valsheid. Dit gee aan ons weer nuwe krag en moed om te besef hoe ons in Christus gered is van ons ellende en nou weer tot eer van God kan leef.

Sing: Psalm 25:1 (Totius)

Ds. PR Gouws (Pietersburg-Suid)